God, die Heilige Gees, praat met ons . . .

Hand 10:1-32

Han 10: In Sesarea was daar ’n man met die naam Kornelius, ’n kaptein in die sogenaamde Italiaanse regiment. [2]Hy was godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid. [3]Een middag teen drie-uur het hy in ’n gesig duidelik ’n engel van God na hom toe sien kom wat na hom roep: “Kornelius!” [4]Kornelius het hom verskrik aangekyk en gevra: “Wat is dit, Meneer?”

Die engel sê toe vir hom: “God het gelet op
jou gebede en op wat jy vir die armes doen,
en Hy het aan jou gedink. [5]Stuur nou dadelik
mense na Joppe toe en laat daar ’n sekere
Simon haal wat ook Petrus genoem word.
[6]Hy is tuis by ’n ander Simon, ’n leerlooier,
wat by die see woon.” [7]Nadat die engel wat
met hom gepraat het, weggegaan het, het
Kornelius twee van sy huisbediendes en een
van sy lyfwagte, ’n godsdienstige soldaat,
geroep.

[8]Hy het hulle alles vertel en hulle na Joppe
toe gestuur. [9]Die volgende dag teen
twaalfuur die middag, toe hulle op hulle reis
al naby die dorp was, het Petrus opgegaan
na die dakstoep van die huis om te bid. [10]Hy
het later honger geword en hy wou iets hê
om te eet. Terwyl die mense die ete
klaargemaak het, het hy in geesvervoering
geraak. [11]Hy het die hemel oop gesien en
iets soos ’n groot doek wat aan sy vier punte
neergelaat word, sien afkom grond toe.

12 Daarin was van al die viervoetige en die
kruipende diere van die aarde en van al die
wilde voëls. 13 Hy hoor toe ’n stem vir hom sê:
“Kom, Petrus, slag en eet.” 14 Maar Petrus sê:
“Nooit nie, Here! Ek het nog nooit iets geëet
wat onheilig of onrein is nie.” 15 Hy hoor die
stem toe weer, die tweede keer, vir hom sê:
“Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein
ag nie.” 16 Dit het drie keer gebeur, en daarna
is die doek weer in die hemel opgetrek.

[17]Terwyl Petrus nog wonder oor die
betekenis van die gesig wat hy gesien het,
kom die mans wat deur Kornelius gestuur is,
by die voordeur aan. Hulle was op soek na
die huis van Simon [18]en doen toe navraag of
Simon wat ook Petrus genoem word, daar
tuis is. [19]Terwyl Petrus nog nadink oor die
gesig, sê die Gees vir hom: “Daar is drie
mans wat jou soek. [20]Kom, gaan ondertoe
en moenie aarsel om saam met hulle te
gaan nie, want Ek het hulle gestuur.”

[21]Petrus het ondertoe gegaan en vir die mans gesê: “Hier is ek. Dis vir my wat julle soek. Waarom is julle hier?” [22]Hulle antwoord: “Kaptein Kornelius, ’n opregte en godvresende man vir wie die hele Joodse volk hoë agting het, het ’n openbaring deur ’n heilige engel gekry dat hy u na sy huis toe moet laat haal om te hoor wat u te sê het.” [23]Petrus nooi hulle toe in en gee vir hulle huisvesting. Die volgende dag het hy en ’n paar van die gelowiges in Joppe saam met hulle gegaan

[24]en ’n dag later in Sesarea aangekom. Kornelius het hulle al verwag en het sy familie en huisvriende reeds bymekaar geroep. [25]Toe Petrus daar kom, het Kornelius hom tegemoet gegaan en eerbiedig voor hom gekniel. [26]Maar Petrus het hom laat opstaan en gesê: “Staan op! Ek is self ook maar net ’n mens.” [27]Terwyl Petrus met Kornelius praat, gaan hy die huis binne, waar hy baie mense bymekaar aantref,

[28]en hy sê vir hulle: “Julle weet dat ’n Jood
nie met iemand van ’n ander volk mag
omgaan of by hom in die huis mag kom nie,
maar God het vir my gewys dat ek geen
mens as onheilig of onrein mag beskou nie.
[29]Daarom het ek sonder om teë te stribbel,
gekom toe julle my laat haal het. Sê nou vir
my waarom julle my laat haal het.”
[30]Kornelius antwoord: “Vier dae gelede so
teen drie-uur die middag was ek in my huis
besig om te bid.

Toe staan daar skielik ’n man met blink klere voor my, [31]en hy sê: ‘Kornelius, God het jou gebed verhoor en gelet op wat jy vir die armes doen. [32]Stuur iemand na Joppe toe en laat vir Simon, wat ook Petrus genoem word, daar haal. Hy is tuis by ’n ander Simon, ’n leerlooier, wat by die see woon.’[33]Ek het dadelik mense na u toe gestuur, en u was so goed om te kom. Ons is nou almal hier in die teenwoordigheid van God om te hoor wat die Here alles aan u opgedra het.”

God, die Heilge Gees, praat met ons . . .

Hoe praat God, die Heilige Gees met ons?

Hoe weet ons dit is God, die Heilige Gees wat met ons praat?

Han 10

- God neem die inisiatief
- ‘n Uitsonderlike roeping in ‘n besondere tyd – nie ‘n resep nie!!
- Kornelius – godsdienstig, godvresend, gereeld tot God gebid – beoefening van geestelike dissiplines
- Petrus was besig om te bid – beoefening van geestelike dissiplines
- Kornelius en Petrus reageer in gehoorsaamheid

Hoe praat God, die Heilige Gees, met ons?

- Nie ‘n tegniek nie
- Nie ‘n magiese handeling nie
- Die resultaat van ‘n intieme verhouding met God
  - Kornelius en Petrus
  - Joh 10: Ek ken My skape en die skape ken my
- ‘n Lewensingesteldheid
- ‘n Woordgebeure
- Verskeie ander maniere in uitsonderlike omstandighede

Hoe weet ons dit is God, die Heilige Gees, wat met ons praat?

- Wat ek hoor, moet ek kan toets aan die Here se Woord
- Toets dit met ander gelowiges
- Wag op bevestiging

Hoe besluit ek in afhanklikheid van die Heilige Gees?

- Bid daaroor
- Gaan toets dit aan die Woord
- Deel dit met ‘n medegelowige(s)
- Noodsaaklikheid van ‘n mentor(s)
- Oop en toe deure